Susan Goosen
Foto: iStockphoto

Maak jou reis deel van die *vakansiepret*

Baie kilometers in 'n warm motor op besige paaie, oorvol vulstasies wat jou frustreer en kinders wat kerm en koeldrank op die sitplekke mors, is kwalik die bestanddele vir 'n genotvolle vakansie. Daarom gaan vakansie vir die meeste gesinne oor die bestemming en nié oor die reis nie. Ons planne sal julle help om die reis te oorleef. Én om dit te geniet!

Met 'n bietjie beplanning en kreatiwiteit kan julle volgende lang motorrit deel van die aangename vakansieherinneringe word. Kinders wat rustig en gelukkig is, geniet die reis en help terselfdertyd dat die bestuurder se aandag nie afgetrek word nie.

Blink planne vir jong woelwaters

- Maak vooraf vir elke kind 'n sakkie met 'n paar verrassings daarin, insluitende iets om te eet en te drink. Oorweeg inkleurboeke, plakkers of prenteboeke.
- Koop vensterplakkers waarmee die kinders hulle vensters kan versier of stories kan bou.
- Gee aan elke kind een of twee bruin papiersakke en 'n paar plakkers waarmee hulle handpoppe kan maak. Moedig hulle aan om 'n storie op te voer, of lees vooraf vir hulle 'n storie en vra dat hulle die karakters maak. Julle kan ook die Kersverhaal opvoer.
- Maak "bingo-kaarte" vir elke lid van die gesin. Gebruik 'n stuk karton en plak of teken prente van dinge wat julle moontlik op pad sal sien. (Die kaarte moenie presies dieselfde wees nie.) Die kinders moet die prentjies omkring of inkleur wanneer hulle die betrokke voorwerpe sien. Die eerste een wat al sy prente ingekleur het, is die wenner. (Vir ouer kinders kan dorp- of straatname of bekende bakens gebruik word.)
- Kies 'n paar mylpale langs julle roete en vier elke mylpaal op gepaste wyse. (Sing 'n liedjie of deel verrassings uit.)
- Maak 'n "voelsakkie" met interessante voorwerpe daarin. Die kinders stuur die sakkie om en maak beurte om iets daarin raak te vat en dan te raai wat dit is sónder om dit uit te haal. Jy kan ook méér as een sakkie maak, elk met sy eie tema. (Een sakkie het byvoorbeeld eetgoed en 'n ander een voorwerpe wat hulle aan Kersfees herinner.)
- Speel ek-sien-iets-met-my-klein-ogies. In dié speletjie beskryf jy iets wat jy sien, deur te sê watter kleur dit is of watter eienskappe dit het of met watter letter dit begin. Die ander kinders – én mamma en pappa – moet dan raai wat dit is.
- Beskryf bekende Bybelkarakters en vra die kinders om te raai aan wie jy dink.
- Sing bekende liedjies. Maak 'n speletjie daarvan deur byvoorbeeld eers 'n raaisel te vra. Die een wat reg antwoord, kan die volgende liedjie kies. Probeer ook variasies deur byvoorbeeld te sing terwyl jy jou tong vashou of jou tone wikkel.

Blink planne vir wysneuse

Ouer kinders wat al kan lees, kan hulleself makliker besig hou, maar hulle sal steeds 'n paar idees of speletjies verwelkom.

- Maak vooraf vir elke kind 'n kaart waarop julle roete aangedui is. Kinders kan dit in 'n boek plak en aantekeninge maak van dit wat hulle in die verskillende dorpe gesien het, of wat hulle oor bekende bakens geleer het. Jy kan ook vooraf inligting oor elke dorp op die internet kry en dit saam met die kaart gee sodat kinders terselfdertyd iets oor ons land kan leer.
- Speel woordspeletjies, byvoorbeeld: "Ek gaan met vakansie" – waar een persoon begin deur te sê wat hy vir die vakansie inpak. ("Ek gaan met vakansie en ek pak 'n verkyker in.") Die volgende persone moet hierby aanlas, maar elke keer ál die vorige items in die regte volgorde sê. Wanneer jy 'n woord vergeet, val jy uit.
- Hou 'n Bybelvasvra of 'n vasvrakompetisie oor die vorige vakansie waarop julle was of toets almal se kennis oor die inligting wat jy saam met die roetekaart gegee het.
- Speel alfabetspeletjies. Een speler kies 'n letter en die ander moet 'n dorp of stad, dier, naam, van, groente en vrugte kies wat met daardie letter begin. Maak dit meer pret deur 'n tydgrens daaraan te koppel én punte te gee vir elke afdeling.
- Vertel 'n storie waaraan almal deel het. Iemand begin met 'n oorspronklike vertelling en elkeen kry kans om dit aan te vul. Iemand kan ook die stories gaan neerskryf en uiteindelik 'n boek met "Lawwe Vakansiestories" saamstel.
- Indien julle na 'n vakansiedorp gaan wat julle vantevore besoek het, kan jy van julle foto's kopieer of prente van bakens in die dorp van die internet aflaai en in stukke knip. Gee aan elke kind 'n stuk en laat hulle raai waar die foto geneem is. Of gee aan elkeen 'n stuk karton en 'n stafie gom en laat hulle die stukke van die legkaart plak. Gesels oor dit wat julle daar gedoen het en wat almal daarvan onthou.

Reis veilig op die langpad

Wat ook al julle gesin se benadering tot reis is, dit mag nooit ten koste van julle – of ander padgebruikers – se veiligheid wees nie. Adv Johan Jonck is betrokke by die "Kom veilig daar" (*Arrive Alive)* -veldtog wat poog om padveiligheid onder Suid-Afrikaanse padgebruikers te bevorder. Hy sê dat ongeveer 85% van alle motorongelukke deur menslike foute veroorsaak word. "Hieroor kan ons dus 'n groot mate van beheer hê. Bestuurders wat die verkeersreëls gehoorsaam en te alle tye so veilig moontlik bestuur, doen baie om te verseker dat hulle veilig reis."

Johan sê dat baie ouers, wat deur die jaar veiligheidsbewus is, skielik alles oorboord gooi wanneer hulle met vakansie gaan. Klein kindertjies wat normaalweg in hulle motorstoeltjies ry, word skielik toegelaat om by die vensters uit te hang, om saam met 'n horde niggies en nefies agterop 'n bakkie te staan of selfs voor op die motor se neus te sit!

"Selfs wanneer julle beplan om net 'n kort entjie te gaan ry of wanneer julle stadig ry om die omgewing te verken, moet julle onthou dat julle die pad met ander – soms minder verantwoordelike – padgebruikers deel. Sorg dus dat julle altyd vasgegordel is en binne die spoedgrens bly. Wees ook bedag op ander motoriste wat nie konsentreer nie, padtekens verontagsaam of te vinnig ry."

Johan het die volgende riglyne vir vakansiegangers wat die langpad aandurf:

- Maak seker jou voertuig is padwaardig.
- Sorg dat jy wakker en nugter is wanneer jy bestuur. Ruil gereeld bestuurders indien moontlik en sorg dat julle elke twee uur stop. Dit gee aan almal kans om bene te rek, iets te eet en die toilet te besoek.
- Alle insittendes moet te alle tye vasgegordel wees. Kinders moet verkieslik op die agterste sitplek sit en dié jonger as drie jaar moet in 'n motorstoeltjie sit.
- Moenie oor jou selfoon praat of teksboodskappe stuur wanneer jy bestuur nie.

5 LIG-lesers kan 'n Nativa-geskenkpak ter waarde van R280 wen. Stuur jou naam, adres, telefoonnommer en e-pos-adres voor 25 Januarie 2011 aan: **Energie,** LIG, Privaatsak X5, Wellington 7654 of stuur 'n e-pos aan ligwedstryd@lig.co.za – merk die onderwerplyn: **Energie.** Jy kan ook per SMS inskryf: Stuur die volgende SMS na 34050: LIG + **Energie** + jou naam, van en adres.

5 LIG-maatjies kan elk die vier boeke van die Skitterprinses-aktiwiteitsreeks met die komplimente van Human en Rousseau wen. Stuur jou naam, adres, telefoonnommer en e-posadres voor 25 Januarie 2011 aan: **Prinses,** LIG, Privaatsak X5, Wellington 7654 of stuur 'n e-pos aan ligwedstryd@lig.co.za – merk die onderwerplyn: **Prinses.** Jy kan ook per SMS inskryf: Stuur die volgende SMS na 34050: LIG + **Prinses** + jou naam, van en adres.

Nog raad

- Kry nog idees vir die langpad by: http://www.essortment.com/in/Children.Travel/
- Besoek http://www.arrivealive.co.za/ of http://www.arrivealive.mobi/ of http://www.south-africa-tours-and-travel.com/south-africa-driving.html vir noodnommers en ander handige inligting wat jy dalk mag nodig kry.
- Besoek http://www.c2a.co.za/ vir interaktiewe kaarte om jou roete en vermaak te beplan.
- Besoek die volgende webwerwe vir lekker padkos-idees:
  - http://www.betereet.co.za/uploads/documents/129_3_Dinge_vir_kalmer_kinders_in_%27n_kar.pdf
  - http://www.betereet.co.za/uploads/documents/129_Padkos_hulpgids.pdf LIG